Posbus 1740
VRYBURG, 8600
Tel: 053 927 3945/6

Faks: 086 263 4130
Epos: vryburgskouvee@webafrica.org.za
www.vryburgshow.co.za

DAGBESTUURSLEDE – AD HOC COMMITTEE

Voorsitter/Chairman: Mnr/Mr Jannie Pretorius

Algemene Bestuurder/Manager: Me Liset Maasz/Me Sarah Pieterse

Bestuurder/Manager Bees/Cattle: Me Liset Maasz

Stalletjies : Me. Sarah Pieterse

Voorsitter/Chairman – Veekomitee : Mnr/Mr Bertie Aucamp

ALGEMENE BESTUURDER / GENERAL MANAGER

Liset Maasz/Sarah Pieterse, Posbus 1740 Vryburg 8600,
Tel: (053) 9273945/6 (kantoorure/office hours) en/and
Faks/Fax: (053) 9273945/0862634130
Die kantoor sluit op 15/12/2016 en heropen 09/01/2017
(onderhewig aan verandering/subject to change)
Kantoorure: 08:00 – 13:00 & 14:00 tot 16:30

Skouveiling – Vryburg Skou

Vrydag

BEESTE : Woensdag 28 Maart 2018 om 13:00
KLEINVEE : Woensdag 28 Maart 2018 om 11:00

VRYBURG DISTRIK – DIE VLEISMEKKA VAN SUID-AFRIKA

AFLSAERS: NOORDKAAP LEWENDE HAWE VRYBURG

VOORWAARDES VERBONDE AAN DIE SKOUVEILING

- **Geen bulle onder 18 maande sal op die veiling toegelaat word nie.**
- Alle inskrywings vir die Skouveiling moet ook in hul onderskeie klasse meeding.

Voorwaardes van Vryburg Stoetveevereniging is van toepassing. **NB:** Enige dier ingeskryf vir die Skouveiling sal onderworpe wees aan keuring vir veiligheidswaardigheid ongeag enige vorige keuring.

BEES INSKRYWINGSFOOI:

R400-00 (14% BTW ingesluit),waarvan geen terugbetaling gemaak word indien diere nie vir die veiling aangebied word nie, ongeag die rede van afwesigheid.)

BOKKE INSKRYWINGSFOOI:

R114-00 per ooi (14% BTW ingesluit), waarvan geen terugbetaling gemaak word indien diere nie vir die veiling aangebied word nie, ongeag die rede van afwesigheid.)

R171-00 per ram (14% BTW ingesluit),waarvan geen terugbetaling gemaak word indien diere nie vir die veiling aangebied word nie, ongeag die rede van afwesigheid.)

INSKRYWINGS VIR DIE SKOUVEILING SAL GENEEM WORD TOT **02 FEBRUARIE 2018 EN 23 FEBRUARIE VIR SKOU DIERE VIR VEILINGSDIERE. GEEN LAAT INSKRYWINGS** SAL AANVAAR WORD NIE. GEEN TELEFONIESE INSKRYWINGS NIE.

VIR VERDERE INLIGTING KONTAK:

Liset Maasz, Vryburg Landbougenootskap, Posbus 1740, Vryburg 8600, Tel (053) 9273945/6 (kantoorure) E-pos: vryburgskouvee@webafrica.org.za

Noordkaap Lewendehawe Vryburg (053) 9273871

ALGEMENE SKOUREëLS EN REGULASIES

DIE UITVOERENDE KOMITEE BEHOU DIE REG VAN TOEGANG VOOR TOT DIE SKOUGRONDE

1. Enige persoon of persone wat hom/hulle skuldig maak aan wangedrag op die skouterrein, kan verwyder word deur twee lede van die Komitee en die Algemene Bestuurder.
2. Die Komitee behou die reg voor om hierdie of enige ander voorgeskrewe voorwaardes, regulasies of pryslys te vertolk en om alle vraagstukke, sake of geskille met betrekking tot die tentoonstelling uit te lê en daaroor te beslis.
3. Die Uitvoerende Komitee sal die volle mag hê om enige vertoner te skors en om sy/haar inskrywings te weier vir toekomstige skoue by oortreding van enige reël of regulasie van die Genootskap, sonder dat die Genootskap enige rede hoef te verskaf.
4. Vertoners en uitstallers word versoek om hul toegangskaartjies vooraf te verkry by die kantore.
5. **BELANGRIK: INSKRYWINGSGELDE SLUIT BTW IN.**
   LET WEL: Inskrywingsgeld in alle klasse vir beeste: R140-00 per dier.
6. Alle inskrywings moet op die gedrukte vorms wat die Pryslys vergesel, gedoen word. Die vorms moet deur die tentoonsteller of sy verteenwoordiger asseblief volledig en leesbaar voltooi en onderteken word en aan die Vryburg Landbougenootskap, Posbus 1740, Vryburg,8600, faks 0862634130, e-pos vryburgskouvee@webafrica.org.za gestuur word.
7. **Inskrywingsgeld moet in alle gevalle saam met die inskrywings gestuur word per tjek of bankoorplasings betaal word en bewys van depositostrokie moet u inskrywings vergesel, anders sal sodanige inskrywings nie aanvaar word nie en as nutteloos beskou word.**
   Bankbesonderhede: Vryburg Landbougenootskap, Standard Bank Tak.050201 Rek. 040452476
8. Die Genootskap sal geen inskrywingsgeld of enige ander geld terugbetaal indien inskrywings gekanselleer word of vertoner nie opdaag nie.
9. Elke tentoonsteller moet ‘n verklaring op die inskrywingsvorm onderteken dat alle inskrywings deur hom, onderworpe is aan die reëls en regulasies van die Genootskap en dat die ingeskrewe diere na die beste van sy wete vry is van besmetlike of aansteeklike siektes.
10. Elke inskrywing, van watter aard ookal, moet die eiendom van die inskrywer wees, behalwe waar anders vermeld word.Die komitee behou die reg voor om inskrywings van enige persoon of persone te verwerp of voorwaardelik aan te neem.
11. **Haltermak en nie-haltermak**
    Geen dier mag by dieselfde skou in beide die haltermak en die NIE-HALTERMAK deelneem nie.

    ‘n Vertoner mag verskillende diere vertoon in die haltermak en nie-haltermak klasse by dieselfde skou.

12. Geen dier sal aanvaar word indien dit nie voldoen aan rasvereistes nie. Dragtigheidsertifikaat moet **voor** beoordeling by die gids ingehandig word by rasse waar benodig word. **BM- en TB sertifikate moet saam met die inskrywingsvorms na die kantoor gestuur word. Geen diere sal op die skouterrein toegelaat word sonder die geldige BM- en TB sertifikate nie.**

13. **Beeste wat vir die veiling aangebied word moet ook in sy ouderdomsklas vertoon word.**

LEWERING VAN INGESKREWE DIERE OP TENTOONSTELLINGSTERREIN

14. Alle diere moenie later as Sondag 25 Maart 2018 om 16:00 op die dag voor die skou begin in hul plekke op die tentoonstellingsterrein wees.
15. Eienaars van Pluimvee moet self sorg vir voer en water en die eienaars van Kleinvee moet self voerbakke en waterbakke voorsien.

HIERDIE REËLS SAL STRENG TOEGEPAS WORD!!!

16. Deelnemers moet ten alle tye self die nodige aandag en sorg aan hul inskrywings skenk en na afloop van die tentoonstelling die items ten volle in hul bewaring neem.
17. Alle ingeskrewe items word op eienaarsrisiko en –rekening op die skouterrein gehou.
18. Elke tentoonsteller is persoonlik verantwoordelik vir enige verlies of skade wat mag voortspruit uit die tentoonstelling van sy/haar artikel of dier. Elke deelnemer onderneem verder om die Genootskap te vrywaar teen enige geregtelike stappe of ander stappe wat daaruit mag voortvloei.
19. Hekwagte het opdrag ontvang om toe te sien dat geen diere ter enige tyd van die terrein verwyder word nie. **Geen dier mag verwyder word voor interras beoordeling afgehandel is Vrydag middag.**
20. Alle haltermak diere moet vasgemaak word, moet voorsien wees van ‘n sterk halter. *Kalwers moet by die koeie vasgemaak wees*.

21. Tentoonstellers word ten volle verantwoordelik gehou vir die gedrag van hul leiers en bediendes en die gevolge wat daaruit mag voortspruit.

***** *Gloeilampe vir die leiershuisies moet self deur die eienaar aan hulle voorsien word of dit kan by die Bayer toring aangekoop word.*

LEWENDEHAWE – OUDERDOMSGRENS IS 1 APRIL

22. **LET WEL**: Wanneer kampioene beoordeel word, sal slegs eerste prys wenners in die ring toegelaat word. Wanneer reserwekampioene beoordeel word, mag die dier wat die tweede plek verower het na die kampioen, in sy of haar klas, in die ring toegelaat word indien die beoordelaar so mag besluit.
23. Die Genootskap behou die reg voor om enige dier weg te wys wat nie voldoen aan skou standaarde nie.
24. ***GEEN BUL SONDER 'N RING DEUR DIE NEUS SAL VIR BEOORDELING EN VEILING TOEGELAAT WORD NIE TENSY AS NIE-HALTERMAK VERTOON WORD.***
25. Beoordeling sal op Maandag 26 Maart 2018 om 8:00 begin. Geen persoon wat belang het by die beoordeelde items, mag as beoordelaar optree nie. Beoordelaars het opdrag om 'n eerste of ander prys terug te hou indien nie aan die vereiste standaarde voldoen word nie, maar mag wel 'n laer prys in die plek daarvan toeken. Geen dier of artikel met 'n pryskaart aan sal in die beoordelaarsring toegelaat word nie, behalwe wanneer vir die kampioenskapspryse meegeding word.
26. Slegs bulle en koeie wat RASKAMPIOENE is, mag meeding vir die Opperste Kampioenskap.
27. Enige persoon wat tydens die skoutydperk poog om hom te bemoei met die werk van die beoordelaars of om hulle te enige tyd te beinvloed, selfs as hulle nie aan diens is nie, of wat te enige tyd op die terrein van die Genootskap enige veragtelike taal teenoor enige van die beoordelaar gebruik as gevolg van enige toekennings wat hulle maak of gemaak het, sal sy prys, waarop hy andersins geregtig sou gewees het, verbeur en hy kan belet word om enigiets ten toon te stel vir een of meer jare, na gelang wat die Komitee mag besluit.
28. **DIE BEOORDELAARS SE BESLISSINGS SAL FINAAL WEES.**
29. Een beoordelaar sal vergoeding ontvang deur Vryburg Landbougenootskap as daar meer as drie vertoners deelneem en meer as 50beeste aangebied word deur die ras.
30. Eienaars van diere moet sorg dra dat hulle diere betyds gebring word vir beoordeling anders mag hulle gediskwalifiseer word.
31. Vertoners word verantwoordelik gehou vir die vertoning van hul diere.
32. Registrasiesertifikate moet op aanvraag beskikbaar wees.
33. Waar 'n vertoner meer as 20 diere inskryf behou die Genootskap homself die reg voor om die diere terug te sny tot 20. Indien daar nog nie genoeg plek is nie sal die diere prorate teruggesny word van alle vertoners.
34. SUPERKOEIKLAS: Tussen rasse op grond van voorkoms en prestasie." Elke ras se eie Superkoei (volgens raseie kriteria en stelsels) ding mee teen ander rasse. **Vereiste is 'n minimum van 4 kalwings.** By die Interras moet die aantal kalwings, laaste kalfdatum en ouderdom van die koei beskikbaar wees op die koeikaarte en/of op 'n lys en dit word in aanmerking geneem by finale plasing.Die beoordelaars besluit dan finaal wie die wenner is en neem voorkoms en vrugbaarheid in aanmerking. HUL DOEN HUL EIE WAARDEBEPALING.
(Die rede hiervoor is dat elke ras hul eie stelsels en kriteria het om hul eie Superkoei te bepaal)
35. Geen inskrywingsgeld betaalbaar op Kampioenskapsklasse en Leiersklasse nie.

INSKRYWINGS SLUIT 02 FEBRUARIE 2018 VIR VEILINGSDIERE EN 23 FEBRUARIE VIR SKOU DIERE. GEEN LAAT INSKRYWINGS OF TELEFONIESE INSKRYWINGS SAL AANVAAR WORD NIE.

PUNTE SAL SOOS VOLG TOEGEKEN WORD.

Eerste…….5	Tweede……..4	Derde……..3
Vierde…….2	Vyfde……..1	

INSKRYWINGS EN PRYSGELD

BEESTE

Inskrywingsgeld: R140-00 Individuele klasse (per dier per klas btw ingesluit)
R400-00 Veiling (per dier btw ingesluit)

BOKKE EN SKAPE
Inskrywingsgeld: R57-00 per klas
R114-00 Veiling per ooi (btw ingesluit)
R171-00 Veiling per ram (btw ingesluit)

Prysgeld: **Geen prysgelde word uitbetaal nie. Die prysgelde word gebruik om etes te verskaf aan touleiers.**

Navrae Bertie Aucamp 0827728821

PLUIMVEE

Inskrywingsgeld: R10-00 per inskrywing
Navrae – Jan Haasbroek 0834297322

TOEKENNINGS: BEESTE

Beesvertoners neem asseblief kennis dat alle interraskompetisies vanaf 07:30 op Woensdag 28 Maart 2018 beoordeel word behalwe waar anders vermeld.
Alleenlik onderskeie raskampioene sal kwalifiseer vir die volgende.
Die diere moet voorsien wees van ‘n kaart wat aantoon die ouderdom, massa en aantal kalwers.

VLEIS- & DUBBELDOELRASSE

1. Opvolger Kampioen
2. Opperste Kampioen (Goue Beker)

Bereken op 01/04/2017

Ouderdom in maande/
Age in months

Gebore/
Born

	Vanaf/from	tot/to
6 – 12 mnde	01/04/2017	30/09/2017
8 – 10 mnde	01/06/2017	31/07/2017
9 – 12 mnde	01/04/2017	30/06/2017
10 – 12 mnde	01/04/2017	31/05/2017
12 – 15 mnde	01/01/2017	31/03/2017
12 – 16 mnde	01/12/2016	31/03/2017
12 – 18 mnde	01/10/2016	31/03/2017
15 – 18 mnde	01/10/2016	31/12/2016
16 – 20 mnde	01/08/2016	30/11/2016
18 – 21 mnde	01/07/2016	30/09/2016
18 – 24 mnde	01/04/2016	31/09/2016
20 – 24 mnde	01/04/2016	30/07/2016
21 – 24 mnde	01/04/2016	30/06/2016
24 – 27 mnde	01/01/2016	31/03/2016
24 – 28 mnde	01/12/2015	31/03/2016
24 – 30 mnde	01/10/2015	31/03/2016
24 – 36 mnde	01/04/2015	31/03/2016
27 – 30 mnde	01/10/2015	31/12/2015
28 – 32 mnde	01/08/2015	30/11/2015
30 – 33 mnde	01/07/2015	30/09/2015
30 – 36 mnde	01/04/2015	30/09/2015
32 – 36 mnde	01/04/2015	31/07/2015
33 – 36 mnde	01/04/2015	30/06/2015
36 – 42 mnde	01/10/2014	31/03/2015
42 – 48 mnde	01/04/2014	30/09/2014
36 – 48 mnde	01/04/2014	31/03/2014
36 – 60 mnde	01/04/2013	31/03/2015
48 – 60 mnde	01/04/2013	31/03/2014
48 – 72 mnde	01/04/2012	31/03/2014
60 – 72 mnde	01/04/2013	31/03/2013
60 mnde en ouer	---	31/03/2013
72 mde en ouer	---	31/03/2012